# Government Gazette

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Vol. 630 | Cape Town / Kaapstad | 18 December 2017 | No. 41341


## THE PRESIDENCY

No. 1450 18 December 2017

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**Act No. 13 of 2017: Tax Administration Laws Amendment Act, 2017**

## DIE PRESIDENSIE

No. 1450 18 Desember 2017

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**Wet No. 13 van 2017: Wysigingswet op Belastingadministrasiewette, 2017**


ISSN 1682-5843

41341

9 771682 584003



**AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure**

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

| | |
|---|---|
| [ ] | Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments. |
| ___________ | Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments. |

*(English text signed by the President)*
*(Assented to 14 December 2017)*

# ACT

**To—**

- **amend the Estate Duty Act, 1955, so as to effect technical corrections;**
- **amend the Income Tax Act, 1962, so as to make provision for exemption from a penalty; to make provision for exemption from an obligation to submit a return in certain cases; to effect certain technical amendments; to amend the Fourth Schedule to that Act to correct a numbering error; to make provision for the calculation of an allowance; to effect a consequential amendment; to provide for the smoothing over time of a deduction; to make provision for an inclusion in employees' tax;**
- **amend the Customs and Excise Act, 1964, so as to extend a provision related to information sharing; to clarify a provision related to imported fuel levy goods; to delete a provision that will no longer be implemented; to amend a provision related to customs controlled areas; to clarify a provision related to environmental levy goods; to amend a provision to delete references to the Value-Added Tax Act;**
- **amend the Value-Added Tax Act, 1991, so as to amend a provision related to customs duties;**
- **amend the Skills Development Levies Act, 1999, so as to clarify the wording of a provision;**
- **amend the Diamond Export Levy (Administration) Act, 2007, so as to effect technical corrections in certain provisions;**
- **amend the Tax Administration Act, 2011, so as to amend a provision dealing with decisions; to effect technical corrections; to amend a provision dealing with the constitution of the tax board; to delete an unnecessary provision; to amend a provision dealing with refunds; to amend a provision to provide that interest provisions may come into effect on different dates in respect of different tax types;**
- **amend the Customs Duty Act, 2014, so as to clarify who may claim refunds and drawbacks and to whom refunds and drawbacks will be paid; to amend a provision to broaden the scope for clearance declarations and amended clearance declarations to be regarded as applications for purposes of the Act;**

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

| | |
|---|---|
| [ ] | Woorde in vet druk in vierkantige hakies, dui skrappings uit bestaande verordeninge aan. |
| __________ | Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordeninge aan. |

*(Engelse teks deur die President geteken)*
*(Goedgekeur op 14 Desember 2017)*

# WET

**Tot wysiging van—**

- **die Boedelbelastingwet, 1955, ten einde tegniese korreksies aan te bring;**
- **die Inkomstebelastingwet, 1962, ten einde voorsiening te maak vir vrystelling van 'n boete; voorsiening te maak vir vrystelling in sekere gevalle van 'n verpligting om 'n opgawe in te dien; sekere tegniese korreksies aan te bring; die Vierde Bylae by daardie Wet te wysig om 'n nommeringsfout reg te stel; voorsiening te maak vir die berekening van 'n toelae; 'n gevolglike wysiging aan te bring; voorsiening te maak vir die gelykmaking oor tyd van 'n aftrekking; voorsiening te maak vir 'n insluiting in werknemersbelasting;**
- **die Doeane- en Aksynswet, 1964, ten einde 'n bepaling betreffende inligtingsdeling uit te brei; 'n bepaling betreffende ingevoerde brandstofheffingsgoedere te verduidelik; 'n bepaling wat nie meer geïmplementeer gaan word nie te skrap; 'n bepaling betreffende doeanebeheerde gebiede te wysig; 'n bepaling betreffende omgewingsheffingsgoedere te verduidelik; 'n bepaling te wysig om verwysings na die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde te skrap;**
- **die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, ten einde 'n bepaling betreffende doeaneregte te wysig;**
- **die "Skills Development Levies Act, 1999", (*Mthetho Wokukhokhwa Kwezimali Zokuthuthukiswa Kwamakhono wama-1999*) ten einde die bewoording van 'n bepaling te verduidelik;**
- **die "Diamond Export Levy (Administration) Act, 2007", (*Molao wa Lekgethwana la Thomkelontle (Tsamaiso) ya Taemane wa 2007*) om tegniese korreksies in sekere bepalings aan te bring;**
- **die Wet op Belastingadministrasie, 2011, ten einde 'n bepaling wat handel met besluite te wysig; tegniese korreksies aan te bring; 'n bepaling wat handel met die samestelling van die belastingraad te wysig; 'n onnodige bepaling te skrap; 'n bepaling wat handel met terugbetalings te wysig; 'n bepaling te wysig om te bepaal dat rentebepalings ten opsigte van verskillende belastingtipes op verskillende datums in werking mag tree;**
- **die Wet op Doeanereg, 2014, ten einde te verduidelik wie terugbetalings en teruggawes mag eis en aan wie terugbetalings en teruggawes betaal sal word; 'n bepaling te wysig om die bestek te verbreed sodat klaringsbriewe en gewysigde klaringsbriewe as aansoeke vir doeleindes van die Wet beskou kan word;**

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

- **amend the Customs Control Act, 2014, so as to make certain technical corrections; to delete certain unnecessary provisions; to clarify certain provisions; to amend a provision by qualifying when a permission to depart must be submitted in relation to foreign-going vessels; to make changes to provisions relating to the submission of vessel and aircraft departure and arrival reports; to substitute a provision relating to customs permission for the transfer of ownership of goods under customs procedures so as to provide flexibility to exclude certain procedures where permission is not required and to more fully provide for different scenarios that may arise when goods are transferred; to effect changes to a section to broaden the notion of an amended clearance declaration; to amend sections to provide for and clarify various scenarios that may arise when transhipment operations take place at two different seaports; to make certain adjustments to provisions for purposes of systems facilitation; to provide more clarity in respect of reusable transport equipment entering and leaving the Republic and to create flexibility to provide for certain divergent issues concerning the different types of reusable transport equipment by rule; to simplify the removal of stores from a foreign-going vessel, aircraft or cross-border train; to provide for exclusions and exemptions; to limit the requirement of registration as electronic user to the person actually accessing the SARS electronic system; and generally to make adjustments for the smoother implementation of that Act;**
- **amend the Customs and Excise Amendment Act, 2014, so as to repeal a provision; to delete a paragraph;**
- **amend the Tax Administration Laws Amendment Act, 2014, so as to delete a paragraph;**

**and to provide for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Insertion of section 9C in Act 45 of 1955**

**1.** The Estate Duty Act, 1955, is hereby amended by the insertion of the following section before section 10:

“**Payment of duty**

**9C.** The duty payable under this Act shall be paid on such date as may be prescribed in the notice of assessment issued in terms of section 9(3).”.

**Amendment of section 10 of Act 45 of 1955, as amended by section 271 of Act 28 of 2011 read with paragraph 18 of Schedule 1 to that Act and section 3 of Act 21 of 2012**

**2.** Section 10 of the Estate Duty Act, 1955, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1), pending its substitution by section 271 of the Tax Administration Act, 2011 (Act No. 28 of 2011), read with paragraph 18 of Schedule 1 to that Act and section 3 of the Tax Administration Laws Amendment Act, 2012 (Act No. 21 of 2012), of the following subsection:

“(1) If any duty remains unpaid at the expiration of a period of thirty days from the date **[of]** for payment **[notified in accordance with subsection (2) of section *nine*]** prescribed in terms of section 9C, there shall be payable, in addition to the unpaid duty, interest at the rate of six per cent. per annum on the amount of unpaid duty calculated from the date of the expiration of the said period to the date of payment: Provided

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

- **die Wet op Doeanebeheer, 2014, ten einde sekere tegniese korreksies aan te bring; sekere onnodige bepalings te skrap; sekere bepalings te verduidelik; ’n bepaling te wysig deur te kwalifiseer wanneer ’n toestemming om te vertrek met betrekking tot land-uitgaande vaartuie ingedien moet word; veranderings aan bepalings betreffende die indiening van vaartuig- en vliegtuigvertrek- en aankomsverslae aan te bring; ’n bepaling betreffende doeanetoestemming vir die oordrag van eiendomsreg op goedere onder doeaneprosedures te vervang ten einde buigsaamheid te voorsien om sekere prosedures uit te sluit waar toestemming nie vereis word nie en meer volledig voorsiening te maak vir verskillende scenario’s wat mag ontstaan wanneer goedere oorgedra word; veranderings aan ’n artikel aan te bring om die begrip van ’n gewysigde klaringsbrief te verbreed; artikels te wysig om voorsiening te maak vir verskillende scenario’s wat mag ontstaan wanneer transverskepingsoperasies by twee verskillende seehawens plaasvind en sodanige scenario’s te verduidelik; sekere aanpassings aan bepalings vir doeleindes van stelselfasilitering te maak; meer duidelikheid te verskaf ten opsigte van herbruikbare-vervoertoerusting wat die Republiek binnekom en verlaat en buigsaamheid te skep om voorsiening vir sekere uiteenlopende aangeleenthede aangaande die verskillende tipes herbruikbare-vervoertoerusting by reël te maak; die verwydering van voorrade van ’n land-uitgaande vaartuig, vliegtuig of oorgrenstrein te vereenvoudig; voorsiening te maak vir uitsluitings en vrystellings; die vereiste vir registrasie as elektroniese gebruiker te beperk tot die persoon wat werklik die SAID elektroniese stelsel betree; en in die algemeen aanpassings vir die gladder implementering van daardie Wet te maak;**
- **die Wysigingswet op Doeane en Aksyns, 2014, ten einde ’n bepaling te herroep; ’n paragraaf te skrap;**
- **die Wysigingswet op Belastingadministrasiewette, 2014, ten einde ’n paragraaf te skrap;**

**en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Invoeging van artikel 9C in Wet 45 van 1955**

**1.** Die Boedelbelastingwet, 1955, word hierby gewysig deur die volgende artikel voor artikel 10 in te voeg:

“**Betaling van belasting**

**9C.** Die belasting betaalbaar kragtens hierdie Wet moet betaal word op die datum wat voorgeskryf word in die kennisgewing van aanslag wat ingevolge artikel 9(3) uitgereik word.”.

**Wysiging van artikel 10 van Wet 45 van 1955, soos gewysig deur artikel 271 van Wet 28 van 2011 gelees met paragraaf 18 van Bylae 1 by daardie Wet en artikel 3 van Wet 21 van 2012**

**2.** Artikel 10 van die Boedelbelastingwet, 1955, word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1), hangende sy vervanging deur artikel 271 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011 (Wet No. 28 van 2011), gelees met paragraaf 18 van Bylae 1 by daardie Wet en artikel 3 van die Wysigingswet op Belastingadministrasiewette, 2012 (Wet No. 21 van 2012), deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Indien enige belasting onbetaal bly na die verstryking van ’n tydperk van dertig dae vanaf die datum wat **[ooreenkomstig sub-artikel (2) van artikel *nege*]** ingevolge artikel 9C vir betaling voorgeskryf is, is daar, benewens die onbetaalde belasting, rente betaalbaar teen die koers van ses persent per jaar op die bedrag van die onbetaalde belasting, bereken vanaf die datum van verstryking van bedoelde tydperk tot die datum van betaling: Met dien verstande dat waar die belastingaanslag vir

that, where the assessment of duty is delayed beyond a period of twelve months from the date of death, interest at the rate of six per cent. per annum shall be payable as from a date twelve months after the date of death on the difference (if any) between the duty assessed and any deposit (if any) made on account of the duty payable within the said period of twelve months.''; and

*(b)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

''(2) Whenever the Commissioner is satisfied that the delay in the payment of duty within the period of thirty days from the date **[of]** for payment **[notified in accordance with subsection (2) of section *nine*]** prescribed in terms of section 9C, or within the period of twelve months from the date of death, as the case may be, has not been occasioned either by the executor or by any person liable for the duty, **[he]** the Commissioner may allow an extension of time within which the duty may be paid without interest if, before the expiration of the said period of thirty days or the said period of twelve months, as the case may be or such further period as the Commissioner may allow—

*(a)* a deposit on account of the duty payable is made of an amount which, in the opinion of the Commissioner, is reasonable, regard being had to the amount of the duty payable; and

*(b)* application is made in writing to the Commissioner for such extension of time.''.

**Amendment of section 48C of Act 58 of 1962, as inserted by section 54 of Act 60 of 2008 and amended by section 67 of Act 25 of 2015**

**3.** (1) Section 48C of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the addition of the following subsection:

''(4) Where in the course of a year of assessment a registered micro business is deregistered in terms of paragraph 10(2) of the Sixth Schedule and a person becomes liable for payment of tax in terms of section 5 in respect of the taxable income of that deregistered micro business, that person is exempt from any penalties for underpayment of tax for which that person, solely as a result of becoming so liable in respect of that taxable income, would otherwise become liable under the Fourth Schedule to this Act or Chapter 15 of the Tax Administration Act.''.

(2) Subsection (1) comes into operation on 1 March 2018 and applies in respect of years of assessment commencing on or after that date.

**Amendment of section 64K of Act 58 of 1962, as inserted by section 56 of Act 60 of 2008 and amended by section 53 of Act 17 of 2009, section 84 of Act 24 of 2011, section 271 of Act 28 of 2011 read with paragraph 55 of Schedule 1 to that Act, section 14 of Act 21 of 2012, section 5 of Act 39 of 2013, section 5 of Act 44 of 2014, section 4 of Act 23 of 2015 and section 3 of Act 16 of 2016**

**4.** Section 64K of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the substitution for subsection (1A) of the following subsection:

''(1A) If, in terms of this Part a person has—

*(a)* paid a dividend; or

*(b)* received a dividend contemplated in paragraph *(a)* of the definition of 'dividend' in section 64D**[, other than a dividend derived from a tax free investment contemplated in section 12T,]** that is exempt or partially exempt from dividends tax in terms of section 64F or 64FA,

that person must submit a return in respect of that dividend to the Commissioner by the last day of the month following the month during which the dividend is paid or received, unless the dividend received—

(i) is derived from a tax free investment contemplated in section 12T; or

(ii) is received by a pension fund, pension preservation fund, provident fund, provident preservation fund or retirement annuity fund, or a beneficiary fund

'n langer tydperk as twaalf maande vanaf die datum van oorlye vertraag word, rente teen die koers van ses persent per jaar betaalbaar is vanaf 'n datum twaalf maande na die datum van oorlye op die verskil (indien daar is) tussen die belasting wat aangeslaan is en enige deposito's (indien daar is) wat binne bedoelde tydperk van twaalf maande teen die betaalbare belasting gestort is.''; en

*(b)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

''(2) Wanneer die Kommissaris oortuig is dat die vertraging in verband met die betaling van die belasting binne die tydperk van dertig dae vanaf die datum wat **[ooreenkomstig sub-artikel (2) van artikel *nege*]** ingevolge artikel 9C vir betaling voorgeskryf is, of binne die tydperk van twaalf maande vanaf die datum van oorlye, na gelang van die geval, nie deur die eksekuteur of deur iemand wat vir die belasting aanspreeklik is, veroorsaak is nie, staan **[hy]** die Kommissaris 'n verlenging van tyd vir die betaling van die belasting sonder rente toe mits daar voor die verstryking van bedoelde tydperk van dertig dae of bedoelde tydperk van twaalf maande, na gelang van die geval of so 'n verdere tydperk as wat die Kommissaris mag toelaat**[,]**—

*(a)* 'n deposito teen die betaalbare belasting, van 'n bedrag wat, na oordeel van die Kommissaris, redelik is met die oog op die bedrag van die betaalbare belasting, gestort is; en

*(b)* skriftelik aansoek vir so 'n verlenging van tyd by die Kommissaris gedoen word.''.

**Wysiging van artikel 48C van Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 54 van Wet 60 van 2008 en gewysig deur artikel 67 van Wet 25 van 2015**

**3.** (1) Artikel 48C van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

''(4) Waar in die loop van 'n jaar van aanslag 'n geregistreerde mikrobesigheid ingevolge paragraaf 10(2) van die Sesde Bylae gederegistreer word en 'n persoon vir betaling van belasting ingevolge artikel 5 ten opsigte van die belasbare inkomste van daardie gederegistreerde mikrobesigheid aanspreeklik word, word daardie persoon vrygestel van enige boetes vir onderbetaling van belasting waarvoor daardie persoon, slegs as gevolg van dergelike aanspreeklikwording ten opsigte van daardie belasbare inkomste, andersins kragtens die Vierde Bylae by hierdie Wet of Hoofstuk 15 van die Wet op Belastingadministrasie aanspreeklik sou word.''.

(2) Subartikel (1) tree op 1 Maart 2018 in werking en is van toepassing ten opsigte van jare van aanslag wat op of na daardie datum begin.

**Wysiging van artikel 64K van Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 56 van Wet 60 van 2008 en gewysig deur artikel 53 van Wet 17 van 2009, artikel 84 van Wet 24 van 2011, artikel 271 van Wet 28 van 2011 gelees met paragraaf 55 van Bylae 1 by daardie Wet, artikel 14 van Wet 21 van 2012, artikel 5 van Wet 39 van 2013, artikel 5 van Wet 44 van 2014, artikel 4 van Wet 23 van 2015 en artikel 3 van Wet 16 van 2016**

**4.** Artikel 64K van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur subartikel (1A) deur die volgende subartikel te vervang:

''(1A) Indien, ingevolge hierdie Deel 'n persoon—

*(a)* 'n dividend betaal het; of

*(b)* 'n dividend beoog in paragraaf *(a)* van die omskrywing van 'dividend' in artikel 64D**[, anders as 'n dividend verkry van 'n belastingvrye belegging beoog in artikel 12T,]** ontvang het wat ingevolge artikel 64F of 64FA van dividendbelasting vrygestel of gedeeltelik vrygestel is,

moet daardie persoon teen die laaste dag van die maand wat volg op die maand waartydens die dividend betaal of ontvang word, 'n opgawe ten opsigte van daardie dividend aan die Kommissaris voorlê, tensy die dividend ontvang—

(i) van 'n belastingvrye belegging beoog in artikel 12T verkry word; of

(ii) deur 'n pensioenfonds, pensioenbewaringsfonds, voorsorgsfonds, voorsorgbewaringsfonds of uittredingsannuïteitsfonds, of 'n bystandsfonds omskryf in artikel 1 van die Wet op Pensioenfondse, waarvan die ontvangste en

defined in section 1 of the Pension Funds Act, of which the receipts and accruals are exempt from normal tax in terms of section 10(1)*(d)*(i).''.

**Amendment of section 64L of Act 58 of 1962, as substituted by section 53 of Act 17 of 2009 and amended by section 271 of Act 28 of 2011 read with paragraph 56 of Schedule 1 to that Act and section 15 of Act 21 of 2012**

**5.** Section 64L of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(c)* of the following paragraph:

''*(c)* both the declaration and the written undertaking contemplated in section 64G(2)*(a)* or (3) are submitted to the company within three years after the date of payment of the dividend in respect of which they are made,''; and

*(b)* by the substitution in subsection (1A) for the words following paragraph *(b)* of the following words:

''so much of that amount as would not have been withheld had that rebate been deducted from the amount, is refundable to the person to whom the dividend was paid: Provided such rebate is claimed within three years after the date of payment of the relevant dividend.''.

**Amendment of section 64LA of Act 58 of 1962, as inserted by section 6 of Act 44 of 2014**

**6.** Section 64LA of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the substitution for paragraph *(b)* of the following paragraph:

''*(b)* both the declaration and the written undertaking are submitted to the company within three years after the date of payment of the tax,''.

**Amendment of section 64M of Act 58 of 1962, as inserted by section 53 of Act 17 of 2009 and amended by section 16 of Act 21 of 2012**

**7.** Section 64M of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(c)* of the following paragraph:

''*(c)* both the declaration and the written undertaking contemplated in section 64H(2)*(a)* or (3) are submitted to the regulated intermediary within three years after the date of payment of the dividend in respect of which they are made,''; and

*(b)* by the substitution in subsection (1A) for the words following paragraph *(b)* of the following words:

''so much of that amount as would not have been withheld had that rebate been deducted from the amount, is refundable to the person to whom the dividend was paid: Provided such rebate is claimed within three years after the date of payment of the relevant dividend.''.

**Amendment of paragraph 1 of Fourth Schedule to Act 58 of 1962, as amended by section 22 of Act 72 of 1963, section 44 of Act 89 of 1969, section 24 of Act 52 of 1970, section 37 of Act 88 of 1971, section 47 of Act 85 of 1974, section 6 of Act 30 of 1984, section 38 of Act 121 of 1984, section 20 of Act 70 of 1989, section 44 of Act 101 of 1990, section 44 of Act 129 of 1991, section 33 of Act 141 of 1992, section 48 of Act 113 of 1993, section 16 of Act 140 of 1993, section 37 of Act 21 of 1995, section 34 of Act 36 of 1996, section 44 of Act 28 of 1997, section 52 of Act 30 of 1998, section 52 of Act 30 of 2000, section 53 of Act 59 of 2000, section 19 of Act 19 of 2001, section 32 of Act 30 of 2002, section 46 of Act 32 of 2004, section 49 of Act 31 of 2005, section 28 of Act 9 of 2006, section 39 of Act 20 of 2006, section 54 of Act 8 of 2007, section 64 of Act 35 of 2007, section 43 of Act 3 of 2008, section 66 of Act 60 of 2008, section 17 of Act 18 of 2009, section 18 of Act 8 of 2010, section 93 of Act 24 of 2011, section**

toevallings ingevolge artikel 10(1)*(d)*(i) van normale belasting vrygestel word, ontvang word.''.

**Wysiging van artikel 64L van Wet 58 van 1962, soos vervang deur artikel 53 van Wet 17 van 2009 en gewysig deur artikel 271 van Wet 28 van 2011 gelees met paragraaf 56 van Bylae 1 by daardie Wet en artikel 15 van Wet 21 van 2012**

**5.** Artikel 64L van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) paragraaf *(c)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(c)* beide die verklaring en die skriftelike onderneming beoog in artikel 64G(2)*(a)* of (3) aan die maatskappy voorgelê word binne drie jaar na die datum van betaling van die dividend ten opsigte waarvan dit gemaak word,''; en

*(b)* deur in subartikel (1A) die woorde wat op paragraaf *(b)* volg deur die volgende woorde te vervang:

''is soveel van daardie bedrag as wat nie teruggehou sou gewees het nie, indien die korting van die bedrag afgetrek is, terugbetaalbaar aan die persoon waaraan die dividend betaal is: Met dien verstande dat sodanige korting binne drie jaar na die datum van betaling van die betrokke dividend geëis word.''.

**Wysiging van artikel 64LA van Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 6 van Wet 44 van 2014**

**6.** Artikel 64LA van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(b)* beide die verklaring en die skriftelike onderneming binne drie jaar na die datum van betaling van die belasting aan die maatskappy voorgelê word,''.

**Wysiging van artikel 64M van Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 53 van Wet 17 van 2009 en gewysig deur artikel 16 van Wet 21 van 2012**

**7.** Artikel 64M van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) paragraaf *(c)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(c)* beide die verklaring en skriftelike onderneming beoog in artikel 64H(2)*(a)* of (3) aan die gereguleerde tussenganger voorgelê word binne drie jaar na die datum van betaling van die dividend ten opsigte waarvan dit gemaak word,''; en

*(b)* deur in subartikel (1A) die woorde wat op paragraaf *(b)* volg deur die volgende woorde te vervang:

''is soveel van die bedrag as wat nie teruggehou sou gewees het nie, indien die korting van daardie bedrag afgetrek is, terugbetaalbaar aan die persoon waaraan die dividend betaal is: Met dien verstande dat daardie korting binne drie jaar jaar na die datum van betaling van die betrokke dividend geëis word.''.

**Wysiging van paragraaf 1 van Vierde Bylae by Wet 58 van 1962, soos gewysig deur artikel 22 van Wet 72 van 1963, artikel 44 van Wet 89 van 1969, artikel 24 van Wet 52 van 1970, artikel 37 van Wet 88 van 1971, artikel 47 van Wet 85 van 1974, artikel 6 van Wet 30 van 1984, artikel 38 van Wet 121 van 1984, artikel 20 van Wet 70 van 1989, artikel 44 van Wet 101 van 1990, artikel 44 van Wet 129 van 1991, artikel 33 van Wet 141 van 1992, artikel 48 van Wet 113 van 1993, artikel 16 van Wet 140 van 1993, artikel 37 van Wet 21 van 1995, artikel 34 van Wet 36 van 1996, artikel 44 van Wet 28 van 1997, artikel 52 van Wet 30 van 1998, artikel 52 van Wet 30 van 2000, artikel 53 van Wet 59 van 2000, artikel 19 van Wet 19 van 2001, artikel 32 van Wet 30 van 2002, artikel 46 van Wet 32 van 2004, artikel 49 van Wet 31 van 2005, artikel 28 van Wet 9 van 2006, artikel 39 van Wet 20 van 2006, artikel 54 van Wet 8 van 2007, artikel 64 van Wet 35 van 2007, artikel 43 van Wet 3 van 2008, artikel 66 van Wet 60 van 2008, artikel 17 van Wet 18 van 2009, artikel 18 van Wet 8 van 2010, artikel 93 van Wet 24 van 2011, artikel 271 van**

**271 of Act 28 of 2011 read with paragraph 77 of Schedule 1 to that Act, section 7 of Act 44 of 2014, section 6 of Act 23 of 2015 and section 5 of Act 16 of 2016**

**8.** (1) Paragraph 1 of the Fourth Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—

*(a)* by the substitution in the definition of ''provisional taxpayer'' for paragraph *(a)* of the following paragraph:

''*(a)* any person (other than a company) who derives income by way of—

(i) any remuneration from an employer that is not registered in terms of paragraph 15; or

(ii) any amount which does not constitute remuneration or an allowance or advance contemplated in section 8(1); **[or**

**(iii) an allowance or advance contemplated in section 8(1);]**'';

*(b)* by the substitution in the definition of ''remuneration'' for paragraph *(c*A*)* of the following paragraph:

''*(c*A*)* 80 per cent of the amount of any allowance or advance in respect of transport expenses referred to in section 8(1)*(b)*, other than any such allowance or advance contemplated in section 8(1)*(b)*(iii) **[which]** that is based on the actual distance travelled by the recipient **[, and which is calculated at a rate per kilometre which does not exceed the appropriate rate per kilometre fixed by the Minister of Finance under section 8(1)*(b)*(iii)]**: Provided that where the employer is satisfied that at least 80 per cent of the use of the motor vehicle for a year of assessment will be for business purposes, then only 20 per cent of the amount of such allowance or advance must be included;'';

*(c)* by the insertion in the definition of ''remuneration'' after paragraph *(c*B*)* of the following paragraph:

''*(c*C*)* 100 per cent of so much of the amount paid or granted as an allowance or advance referred to in section 8(1)*(b)*(iii) as exceeds the amount determined by applying the rate per kilometre for the simplified method in the notice fixing the rate per kilometre under section 8(1)*(b)*(ii) and (iii) to the actual distance travelled;''; and

*(d)* by the substitution in the definition of ''remuneration'' for the comma at the end of paragraph *(g)*(iii) of a semicolon and the addition after that subparagraph of the following subparagraph:

''(iv) paragraph *(kk)* of the proviso to section 10(1)*(k)*(i),''.

(2) Paragraph *(a)* of subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 March 2017 and applies in respect of years of assessment commencing on or after that date.

(3) Paragraphs *(b)* and *(c)* of subsection (1) come into operation on 1 March 2018 and apply in respect of years of assessment commencing on or after that date.

(4) Paragraph *(d)* of subsection (1) comes into operation on the date on which paragraph *(f)* of section 16(1) of the Taxation Laws Amendment Act, 2017, comes into operation.

**Amendment of paragraph 2 of Fourth Schedule to Act 58 of 1962, as added by section 19 of Act 6 of 1963 and amended by section 23 of Act 72 of 1963, section 29 of Act 55 of 1966, section 38 of Act 88 of 1971, section 48 of Act 85 of 1974, section 30 of Act 103 of 1976, section 28 of Act 113 of 1977, section 29 of Act 104 of 1980, section 40 of Act 90 of 1988, section 21 of Act 70 of 1989, section 45 of Act 101 of 1990, section 45 of Act 129 of 1991, section 38 of Act 21 of 1995, section 45 of Act 28 of 1997, section 53 of Act 30 of 2000, section 54 of Act 59 of 2000, section 20 of Act 19 of 2001, section 21 of Act 16 of 2004, section 50 of Act 31 of 2005, section 40 of Act 20 of 2006, section 55 of Act 8 of 2007, section 65 of Act 35 of 2007, section 18 of Act 18 of 2009, section 94 of Act 24 of 2011, section 19 of Act 21 of 2012, section 13 of Act 26 of 2013, section 8 of Act 39 of 2013, section 68 of Act 44 of 2014 and section 6 of Act 16 of 2016**

**9.** (1) Paragraph 2 of the Fourth Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the addition to subparagraph (4) of the following proviso:

**Wet 28 van 2011 gelees met paragraaf 77 van Bylae 1 by daardie Wet, artikel 7 van Wet 44 van 2014, artikel 6 van Wet 23 van 2015 en artikel 5 van Wet 16 van 2016**

**8.** (1) Paragraaf 1 van die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—

*(a)* deur in die omskrywing van ''voorlopige belastingpligtige'' paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(a)* enige persoon (behalwe 'n maatskappy) wat inkomste verkry by wyse van—

(i) enige besoldiging vanaf 'n werkgewer wat nie ingevolge paragraaf 15 geregistreer is nie; of

(ii) 'n bedrag wat nie besoldiging of 'n toelae of voorskot in artikel 8(1) bedoel uitmaak nie; **[of**

**(iii) 'n toelae of voorskot in artikel 8(1) bedoel;]**'';

*(b)* deur in die omskrywing van ''besoldiging'' paragraaf *(c*A*)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(c*A*)* 80 persent van die bedrag van enige toelae of voorskot ten opsigte van reiskoste bedoel in artikel 8(1)*(b)*, behalwe enige bedoelde toelae of voorskot beoog in artikel 8(1)*(b)*(iii) wat gebaseer is op die werklike afstand wat deur die ontvanger afgelê is**[, en wat bereken is teen 'n skaal per kilometer wat nie die toepaslike skaal per kilometer deur die Minister van Finansies ingevolge genoemde artikel 8(1)*(b)*(iii) bepaal, te bowe gaan nie]**: Met dien verstande dat waar die werkgewer oortuig is dat ten minste 80 persent van die gebruik van die motorvoertuig in 'n jaar van aanslag vir besigheidsdoeleindes sal wees, slegs 20 persent van die bedrag van die toelae of voorskot ingesluit moet word;'';

*(c)* deur in die omskrywing van ''besoldiging'' na paragraaf *(c*B*)* die volgende paragraaf in te voeg:

''*(c*C*)* 100 persent van soveel van die bedrag betaal of toegelaat as 'n toelae of voorskot bedoel in artikel 8(1)*(b)*(iii) wat die bedrag te bowe gaan wat bepaal word deur die skaal per kilometer vir die vereenvoudigde metode in die kennisgewing wat die skaal per kilometer kragtens artikel 8(1)*(b)*(ii) en (iii) bepaal op die werklike afstand afgelê, toe te pas;'' en

*(d)* deur in die omskrywing van ''besoldiging'' die komma aan die einde van paragraaf *(g)*(iii) deur 'n kommapunt te vervang en na daardie subparagraaf die volgende subparagraaf by te voeg:

''(iv) paragraaf *(kk)* van die voorbehoudsbepaling tot artikel 10(1)*(k)*(i),''.

(2) Paragraaf *(a)* van subartikel (1) word geag op 1 Maart 2017 in werking te getree het en is van toepassing op jare van aanslag wat op of na daardie datum begin.

(3) Paragrawe *(b)* en *(c)* van subartikel (1) tree op 1 Maart 2018 in werking en is van toepassing op jare van aanslag wat op of na daardie datum begin.

(4) Paragraaf *(d)* van subartikel (1) tree in werking op die datum waarop paragraaf *(f)* van artikel 16(1) van die Wysigingswet op Belastingwette, 2017, in werking tree.

**Wysiging van paragraaf 2 van Vierde Bylae by Wet 58 van 1962, soos bygevoeg deur artikel 19 van Wet 6 van 1963 en gewysig deur artikel 23 van Wet 72 van 1963, artikel 29 van Wet 55 van 1966, artikel 38 van Wet 88 van 1971, artikel 48 van Wet 85 van 1974, artikel 30 van Wet 103 van 1976, artikel 28 van Wet 113 van 1977, artikel 29 van Wet 104 van 1980, artikel 40 van Wet 90 van 1988, artikel 21 van Wet 70 van 1989, artikel 45 van Wet 101 van 1990, artikel 45 van Wet 129 van 1991, artikel 38 van Wet 21 van 1995, artikel 45 van Wet 28 van 1997, artikel 53 van Wet 30 van 2000, artikel 54 van Wet 59 van 2000, artikel 20 van Wet 19 van 2001, artikel 21 van Wet 16 van 2004, artikel 50 van Wet 31 van 2005, artikel 40 van Wet 20 van 2006, artikel 55 van Wet 8 van 2007, artikel 65 van Wet 35 van 2007, artikel 18 van Wet 18 van 2009, artikel 94 van Wet 24 van 2011, artikel 19 van Wet 21 van 2012, artikel 13 van Wet 26 van 2013, artikel 8 van Wet 39 van 2013, artikel 68 van Wet 44 van 2014 en artikel 6 van Wet 16 van 2016**

**9.** (1) Paragraaf 2 van die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur by subparagraaf (4) die volgende voorbehoudsbepaling by te voeg:

“: Provided that at any time during the year of assessment the amount of the contribution to be deducted in terms of paragraphs *(a)*, *(b)* and *(b*A*)* must not exceed an amount that bears to the amount stipulated in section 11F(2)*(a)* the same ratio as the period during which remuneration was paid by an employer to the employee bears to a whole year.”.

(2) Subsection (1) comes into operation on 1 March 2018 and applies in respect of years of assessment commencing on or after that date.

**Amendment of paragraph 11A of Fourth Schedule to Act 58 of 1962, as inserted by section 45 of Act 89 of 1969 and amended by section 47 of Act 28 of 1997, section 19 of Act 34 of 2004, section 51 of Act 31 of 2005, section 67 of Act 35 of 2007, section 19 of Act 8 of 2010, section 9 of Act 23 of 2015 and section 10 of Act 16 of 2016**

**10.** (1) Paragraph 11A of the Fourth Schedule to the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the substitution for subparagraphs (1), (2), (3), (4) and (5) of the following subparagraphs, respectively:

“(1) Where by virtue of the provisions of paragraph *(b)*, *(d)* **[or]**, *(e)* or *(g)* of the definition of ‘remuneration’ in paragraph 1, the remuneration of an employee includes—

*(a)* any gain made by the exercise, cession or release of any right to acquire any marketable security as contemplated in section 8A;

*(b)* any gain made from the disposal of any qualifying equity share as contemplated in section 8B; **[or]**

*(c)* any amount referred to in section 8C which is required to be included in the income of that employee; or

*(d)* any amount received by or accrued to that employee by way of a dividend contemplated in—

(i) paragraph *(dd)* of the proviso to section 10(1)*(k)*(i);

(ii) paragraph *(ii)* of the proviso to section 10(1)*(k)*(i);

(iii) paragraph *(jj)* of the proviso to section 10(1)*(k)*(i); or

(iv) paragraph *(kk)* of the proviso to section 10(1)*(k)*(i),

the person by whom that right was granted or from whom **[that]** the equity instrument or qualifying equity share that gave rise to the gain or amount was acquired, as the case may be, is deemed to be a person who pays or is liable to pay to that employee the amount of the gain referred to in paragraph *(a)* or *(b)* or the amount referred to in paragraph *(c)* or *(d)*.

(2) Employees’ tax in respect of the amount of remuneration contemplated in subparagraph (1) must, unless the Commissioner has granted authority to the contrary, be deducted or withheld by the person referred to in subparagraph (1) from—

*(a)* any consideration paid or payable by that person to that employee in respect of the cession, or release of that right or the disposal of that qualifying equity share, as the case may be; **[or]**

*(b)* any cash remuneration paid or payable by that person to that employee after that right has to the knowledge of that person been exercised, ceded or released or that equity instrument has to the knowledge of that person vested or that qualifying equity share has to the knowledge of that person been disposed of; or

*(c)* any amount of a dividend contemplated in subparagraph (1)*(d)* accrued to that employee:

Provided that where that person is an ‘associated institution’, as defined in paragraph 1 of the Seventh Schedule, in relation to any employer who pays or is liable to pay to that employee any amount by way of remuneration during the year of assessment during which the gain contemplated in subparagraph (1)*(a)* or *(b)* or the amount contemplated in subparagraph (1)*(c)* or *(d)* arises**[;]**, and—

(i) that person is not resident nor has a representative employer; **[or]**

(ii) that person is unable to deduct or withhold the full amount of employees’ tax during the year of assessment during which the gain or the amount arises, by reason of the fact that the amount to be deducted or withheld from that

": Met dien verstande dat op enige tydstip gedurende die jaar van aanslag die bedrag van die bydrae ingevolge paragrawe *(a)*, *(b)* en *(b*A*)* afgetrek te word nie 'n bedrag mag te bowe gaan nie wat tot die bedrag uiteengesit in artikel 11F(2)*(a)* in dieselfde verhouding staan as wat die tydperk waartydens besoldiging deur 'n werkgewer aan die werknemer betaal is tot 'n volle jaar staan.".

(2) Subartikel (1) tree op 1 Maart 2018 in werking en is van toepassing op jare van aanslag wat op of na daardie datum begin.

**Wysiging van paragraaf 11A van Vierde Bylae by Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 45 van Wet 89 van 1969 en gewysig deur artikel 47 van Wet 28 van 1997, artikel 19 van Wet 34 van 2004, artikel 51 van Wet 31 van 2005, artikel 67 van Wet 35 van 2007, artikel 19 van Wet 8 van 2010, artikel 9 van Wet 23 van 2015 en artikel 10 van Wet 16 van 2016**

**10.** (1) Paragraaf 11A van die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur subparagrawe (1), (2), (3), (4) en (5) deur die volgende subparagrawe, onderskeidelik, te vervang:

"(1) Waar, uit hoofde van die bepalings van paragraaf *(b)*, *(d)* **[of]**, *(e)* of *(g)* van die omskrywing van 'besoldiging' in paragraaf 1—

*(a)* 'n wins gemaak by die uitoefening, sessie of afstanddoening van 'n reg om handelseffekte te verkry soos in artikel 8A beoog;

*(b)* enige wins gemaak uit die beskikking oor enige kwalifiserende ekwiteitsaandeel soos in artikel 8B beoog; **[of]**

*(c)* enige bedrag in artikel 8C bedoel wat by die inkomste van daardie werknemer ingesluit moet word; of

*(d)* enige bedrag ontvang deur of toegeval aan daardie werknemer by wyse van 'n dividend beoog in—

(i) paragraaf *(dd)* van die voorbehoudsbepaling tot artikel 10(1)*(k)*(i);

(ii) paragraaf *(ii)* van die voorbehoudsbepaling tot artikel 10(1)*(k)*(i);

(iii) paragraaf *(jj)* van die voorbehoudsbepaling tot artikel 10(1)*(k)*(i); of

(iv) paragraaf *(kk)* van die voorbehoudsbepaling tot artikel 10(1)*(k)*(i),

by 'n werknemer se besoldiging ingesluit word, word die persoon deur wie daardie reg verleen is of van wie **[daardie]** die ekwiteitsinstrument of kwalifiserende ekwiteitsaandeel wat tot die wins of bedrag aanleiding gegee het, na gelang van die geval, verkry is, geag 'n persoon te wees wat die bedrag van die wins bedoel in paragraaf *(a)* of *(b)* of die bedrag bedoel in paragraaf *(c)* of *(d)* aan daardie werknemer betaal of verskuldig is.

(2) Werknemersbelasting ten opsigte van die bedrag van besoldiging in subparagraaf (1) bedoel, moet, tensy die Kommissaris andersins gemagtig het, deur die persoon bedoel in subparagraaf (1) afgetrek of teruggehou word van—

*(a)* vergoeding wat deur daardie persoon aan daardie werknemer betaal of betaalbaar is ten opsigte van die sessie of afstanddoening van daardie reg of die beskikking oor daardie kwalifiserende ekwiteitsaandeel, na gelang van die geval; **[of]**

*(b)* kontantbesoldiging wat deur daardie persoon aan daardie werknemer betaal of betaalbaar word nadat, na die wete van daardie persoon, daardie reg uitgeoefen of gesedeer is of daarvan afstand gedoen is of daardie ekwiteitsinstrument na die wete van daardie persoon gevestig het of daardie kwalifiserende ekwiteitsaandeel na die wete van daardie persoon oor beskik is; of

*(c)* enige bedrag van 'n dividend beoog in subparagraaf (1)*(d)* wat aan daardie werknemer toegeval het:

Met dien verstande dat waar daardie persoon 'n 'verwante inrigting', soos in paragraaf 1 van die Sewende Bylae omskryf, is met betrekking tot enige werkgewer wat gedurende die jaar van aanslag waartydens die wins beoog in subparagraaf (1)*(a)* of *(b)* of die bedrag soos in subparagraaf (1)*(c)* of *(d)* bedoel, ontstaan, enige bedrag by wyse van besoldiging aan daardie werknemer betaal of verplig is om dit te betaal**[;]**, en—

(i) daardie persoon nie 'n inwoner is en ook nie 'n verteenwoordigende werkgewer het nie; **[of]**

